Bg.
15/2/07

VOORLOPIGE LIKWIDASIE

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)

(Op Donderdag, 15 Februarie 2007 voor Sy Edele Griesel R)

SAAKNO:828/07

In die saak tussen:

**STARGROW GROEP (EDMS)BPK** **Applikant**

**en**

**CITRISTAR (EDMS) BPK** **Respondent**

Geregistreerde adres te Loubser du Plessis, te Waterkantgebou, Helderbergstraat 10, STELLENBOSCH

~~[illegible]~~BEVEL

Na deurlees van die stukke, en na aanhoor van die advokaat vir Applikant, beveel die Hof soos volg:

1 dat die Respondent onder voorlopige likwidasie geplaas word;

2 dat 'n bevel *nisi* uitgevaardig word, in terme waarvan alle belanghebbende partye versoek word om voor of op ~~26~~ 27 Maart 2007 te verskyn, en redes aan te voer, indien enige, ~~waarom die volgende~~ Hofbevel nie gemaak moet word nie:

SARS
05 MAR 2007
CAPE TOWN BRANCH OFFICE
TAXPAYER SERVICE

2.1 dat die Respondent finaal gelikwideer word;

2.2 dat die koste van hierdie aansoek koste in likwidasie sal wees;

2.3 alternatiewe regshulp.

3 dat die voorlopige bevel op die volgende partye beteken word:

3.1 deur die Balju van hierdie Agbare Hof op die Respondent se hoofplek van besigheid asook sy geregistreerde adres;

3.2 deur publikasie van die bevel in een uitgawe van die Cape Times en Die Burger koerante;

3.3 beteken word per geregistreerde pos op die krediteure met eise bo R10 000-00.

3.4 beteken word op die Suid-Afrikaanse Inkomstediens deur aflewering per hand.

REGISTRAR: HIGH COURT
THIRD DIVISION
2007 -02- 19
CAPE TOWN/KAAPSTAD
GRIFFIER: HOOGGEREGSHOF

OP LAS VAN DIE HOF

HOEGRIFFIER

313 Gerhard Gous Prokureurs
STELLENBOSCH

/avz